

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
25 April 1976

Onderwerp: Terug na God - die nuwe begin

Lees: Génesis 35 verse 1 tot 7

Teks: Génesis 35 verse 1 en 2

Sing: Psalm 33 vers 1
Gesang 7 vers 4

“Die koerante in ons dag is vol berigte oor gesinsprobleme. Probleme wat welsyns- en geestelike werkers soms slapelose nagte gee. Die verwydering tussen man en vrou is dikwels groter as die saambinding van die kinders, wat hulle in die lewe gebring het. Die verbrokkeling van die huisgesin is ernstiger as die erosie van ons Suid-Afrikaanse bodem.

“n Persoon kan so verstrengel raak is sy eie moeilikhede en konflikte dat selfmoord uiteindelik ’n welkome ontvlugting is. Huisgesinne kan só verstrik raak in wanverhoudings dat gesinsmoord uiteindelik die uiterste konsekwensie word.

Só het dit ook eenmaal gegaan in die familie van Jakob. Daar het allerlei dinge gebeur wat spanning geskep en angs veroorsaak het. In daardie huis was daar ’n verwydering tussen twee vroue, Ragel en Lea, oor die liefde vir ’n man. Om alles te kroon bring Dina, die dogter van Jakob, groot spanning in hierdie reeds spanningsvolle huis as sy deur Sigem onteer word. Soveel so, dat haar twee broers, Simeon en Levi, ’n moord-ekspedisie loots op die Sigemiete. Dit het donker geword in die gesinslewe van Jakob.

“In die hele vier en dertigste hoofstuk van Génesis word die Naam van God nie een keer genoem nie, want waar egbreuk en moord, tweedrag en kwaai-vriendskap aan die orde is, is die hart vêr van God. En eienaardig genoeg, mense kan soms in só ’n situasie beland sonder om te besef hoe donker dit werklik vir hulle is.

“Kan dit weer lig word as dit só donker geword het in ’n familiekring? As daar soveel verrotting gekom het, kan daar weer lewe wees? Kan daar by ’n volk wat so geestelik agteruitgegaan het, weer herlewing wees? Kan daar ooit weer vir Suid-Afrika ’n ommekeer kom uit sy geestelike verval, sy sedelike verwildering en sy

maatskaplike ontaarding? Kan verhoudings herstel, dinge weer verander en lewens hervorm word?

“Op hierdie en soortgelyke vrae wil die teksgedeelte vanmôre vir elke ware soeker ’n antwoord gee. Mag God vanmôre gee dat hierdie boodskap by ons inslag sal vind.

“Jakob is ontsteld. Hierdie dinge raak hom en raak hom diep. Maar verder kom dit ook nie. Hy vrees slegs nog verdere ellende, nóg méér agteruitgang en selfs ondergang.

“Dan lees ons: ‘Daarna het God vir Jakob gesê: Maak jou klaar, trek op na Bet-el en woon daar; en bou daar ’n altaar vir die God wat aan jou verskyn het toe jy op die vlug was vir jou broer Esau.’ (Gen 35:1) Met ander woorde, toe dit só donker geword het, verskyn God op die toneel. Toe neem God die inisiatief. Van Hom gaan daar aksie uit.

“Al die ellende het oor Jakob en sy huis gekom omdat sy verhouding met God vervalde geraak het. Die oorsaak het nie by die ander mense gelê nie, maar by homself. Broers en Susters, ’n moeilike saak om te erken en eie skuld te sien, nie waar nie?

“In die dae van sy nood het Jakob aan God by Bet-el belowe dat die gedenksteen wat hy opgerig het vir hom ’n huis van God sou wees, as hy net weer in vrede na sy vader se huis kon terugkeer.

“God het sy kant van hierdie verbond nagekom. God het hom geseën met besittings, vroue en kinders. Maar nou is dit reeds jare later. Jakob is terug in Kanaän, maar het blykbaar vergeet wat hy by Bet-el aan God belowe het. Sy lewe is niks anders as ’n versuim om sy geloftes na te kom nie. Daarom probeer God deur die pynlike gebeurtenisse in sy lewe en huis om hom aan sy geloftes te herinner. Maar dit is tevergeefs. Daarom sê God vir hom om op te trek na Bet-el. Jakob se verhouding met God het veel te wense oorgelaat. Dit het blykbaar te goed met hom gegaan. Daar moes iets gebeur wat hom weer aan die HERE sou herinner.

“En soos met Jakob gaan dit dikwels ook met ons. Ons verhouding met God raak vervalde. Dikwels so ongemerk. Ons lewe in der waarheid vêr van God af. Daar word nie met God rekening gehou nie. In ons rekening van inkomstes en uitgawes word God uitgesluit. Die kerkklok se gelui val op dowe ore.

“Jakob is ’n beeld van die mensdom in die algemeen: die mens ná die sondeval wat al hoe losser raak van God en nie alleen sy rug op God draai en Hom ignoreer

nie, maar selfs in opstand téén Hom kom. Die verwilderde mens is nie in staat om toenadering tot God te soek nie. Nee, dit is God wat hom uit liefde neerbuig na die verdwaalde mens. Dit is God wat soek om te red. Broers en Susters, as ons dit maar net vanmôre wil aanvaar. God soek na u, ook hier in die erediens.

“Alle nuwe lewe begin by Hom; en eers dan reageer die sondaar daarop. Jakob reageer eers as God vir hom sê: ‘... trek op na Bet-el’.

“Jakob moet terug na Bet-el. Daar lê die oorsaak van sy moeilikheid. Daar by ’n vergete belofte, ’n gelofte wat hy nie nagekom het nie. As Jakob ’n nuwe begin wil maak, moet hy die dinge sien wat hy versuim het om te doen. Hy het God vergeet en daaraan word hy nou herinner.

“Die oorsaak van ons ontsparing lê dikwels nie in die verkeerde wat ons gedoen het nie, maar in die dinge wat ons versuim het om te doen. En hoe goed is God nie! Hy bring ons weer by die momente van ons nagelate geloftes, soos hy vir Jakob by Bet-el bring.

“As ’n mens maar net altyd kon onthou wat jy beloof het toe jy lidmaat geword het; in die huwelik bevestig is; jou kinders laat doop het; ja toe jy in die nood was. Het daardie stene vir jou altare geword? Het dit vir jou heiligdomme gebly?

“Broers en Susters, ons volk is ’n volk van belydende lidmate. As ons maar net erns gemaak het met ons belydenis en ons beloftes dat ons God sal liefhê, dat ons die wêreld sal versaak en ’n Christelike lewe sal lei, sou daar nie soveel geestelike verval gewees het nie; soveel geestelike verrotting en wanverhoudings nie.

“Daar kom tye, soos vanmôre, dat God ons terugstuur na Bet-el toe - terug na ons beloftes. Bet-el die huis van God. God stuur ons na sy huis. En as God spreek, soos wel in sy huis gebeur, werk sy Woord die geloof en die geloof gehoorsaamheid. Wie werklik glo, sal ook gehoorsaam wees.

“Dit gebeur in Jakob. Hy glo en gehoorsaam. Daarom is die eerste wat hy doen, om die huisafgode uit te roei. Broers en Susters, hierdie dinge moet uit die lewe van God se kinders verwyder word.

“Sondevergifnis en lewensvernuwing gaan saam en is nie te skei nie. ’n Verlose kan nie leef soos hy wil nie. Jesus het gesê: ‘Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.’ (Matt. 7:21)

“Toe Jakob daardie nag by Bet-el slaap, droom hy nie van sy blinde vader wat hy bedrieg het nie, óf van sy sonde nie, maar van Jesus Christus - Emmánuel - God met ons. Die leer wat na die Hemel ryk en vir Jakob die Hemel open. En hier skenk God volkome vergifnis en vrede. Volkome versoening, alleen deur die bloed van die Lam. Dit is die boodskap van Bet-el. Jesus neem die sondaars aan.

“Jakob word na Bet-el gestuur en nie na ’n psigiater of huweliksberader nie. Hy word gestuur na die plek waar hy God ontmoet het, want alleen daar word jou probleme opgelos.

“Hoe lank sal ons nog versuim?

“God sê nou, vanmôre: Hy wag vir u, Hy wil u vrede gee. Liewe Broers en Susters, wat ookal vanmôre u probleem is: spanning, vrees en onsekerheid, of wat ookal jou lewe ruïneer. As dit donker geword het, sê God: ‘Gaan Bet-el toe’. By Bet-el is daar ’n leer wat ryk tot aan die Hemel - Jesus Christus- waarmee jy kan opklim om by God te wees. En om by God te wees, beteken vrede, berusting, trou en vergifnis. Die ou dinge het verby gegaan. Kyk, alles het nuut geword. Hy wis die verkeerde uit. Hy is die Pottelbakker. Met Jesus Christus sal u opstaan uit die dood en leef tot in ewigheid.

“Terug na Bet-el. Terug na die Bybel en jou kerk. Terug na Jesus.

“Amen.”

Kommentaar:

Die Christenboodskap is die boodskap van die nuwe begin. As jy jou lewensbladsy vol vlekke en kolle gemaak het, kom Jesus Christus en sê: As jy My as jou Verlosser aanvaar, dan het Ek vir jou sonde betaal. Dan skeur Ek daardie bevlekte bladsy uit en gee vir jou ’n nuwe, skoon lewensbladsy. Ek gee vir jou ’n nuwe begin. In 2 Korinthiërs 5 verse 17 tot 19 is geskryf:

“Daarom, as iemand in Christus is, is hy ’n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou.”

En dan die vraag: hoeveel keer sal God en Jesus Christus my vergewe? In Matthéüs 18 verse 21 en 22 is geskryf:

“Toe kom Petrus na Hom en sê: Here, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe? Jesus antwoord hom: Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe.”

Dit impliseer dat Jesus Christus se genade onbeperk is. As jy dink dat jy al hóéveel keer dieselfde sonde gepleeg het en jy wonder of God jou nog sal vergewe, sê Jesus Christus vir jou: My genade is onbeperk. Ek het vir ál jou sondes betaal. Gaan, Ek gee vir jou weereens ’n nuwe begin. En net soos Ek jou vergewe, moet jy ook diegene vergewe wat teen jou sondig.